

Zuid-Afrikaans kerk-kompas

D.J. Bolt
17-10-26

Op 5 juni jl. waren ook broeders afgevaardigden van de Vrije Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) en de Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) op de generale synode van Zwolle 2026 aanwezig (zie Noot voor namen). Daar werd met elkaar doorgesproken over de kerkelijke relaties tussen de Gereformeerde Kerken hier en hun kerken daar. De synode besloot een zusterkerkrelatie aan te gaan met de VGKSA en een 'correspondentierelatie' met de GKSA. Zie Generale Synode Zwolle 2026 – Impressie 4.3 voor meer informatie.

Br. F. Raimond (VGKSA) stuurde ons het augustusnummer van het kerkblad van de VGKSA toe, *Kompas* geheten, met als ondertitel 'Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe, zie hieronder. We hebben het blad met vreugde gelezen! Allereerst om de taal, het Suid-Afrikaans. Prachtig om artikelen in deze variant van het Nederlands te lezen. Er is haast geen woord 'Frans' bij om zo te zeggen. Dat betekent overigens niet dat het *gesproken* Suid-Afrikaans gemakkelijk te volgen is, zo is onze ervaring. Maar misschien ligt dat ook aan onze oren.

We bieden twee artikelen uit het blad:

'n Besondere sinode in 'n onstuimige kerklike situasie

Het artikel geeft weer wat de afgevaardigden van de VGKSA, de brs. F. Raimond en G. Klapwijk, hebben ervaren op de synode. En ook hoe zij tegen de Nederlandse kerkelijke situatie aankijken. Interessant!

Eenheid in waarheid: die GKSA en die VGKSA

Opnieuw, een boeiend artikel! Het laat iets zien van de discussie die er in de VGKSA is t.a.v. eenheid tussen beide genoemde kerken. Een alleszins herkenbaar verhaal, dat veel associatieve gevoelens geeft met onze eigen recente kerkgeschiedenis.

Het is een eerste artikel, we zijn benieuwd naar het vervolg. Immers, een zusterkerkrelatie met de GKSA staat ook weer op de agenda van onze (volgende) synode. Wat kunnen we leren van de broeders van de VGKSA op dit punt?

Noot

Moderamen Generale Synode Gereformeerde Kerken Zwolle 2026 met gasten uit kerken in het buitenland.
Vlnr. dr. H. Zwemstra (GSKA), br. G. Klapwijk (VGKSA), br. H. de Boer (CanRC), ds. P. Drost (GK), ds. L. Heres (GK), br. F. Raimond (VGSA), ds. H.Sj. Wiersema (GK), dr. R.C. Janssen (CanRC), ds. H.J. Visser (GK), dr. J. van Vliet (CanRC), ds. S. Heck (SERK), ds. Schuster (SERK), ds. A. Souman (FRCA), br. J. Bruning (FRCA)



‘n Besondere sinode in ‘n onstuimige kerklike situasie

Gert Klapwijk en Frits Raimond, lede van deputate BBK van die VGKSA



Wie die kerklike situasie in Nederland die afgelope jare dopgehou het, sal weet dat baie dinge daar besig is om te skuif en te verander. Aan die een kant is daar verskeie kerkverbande wat jarelank langs mekaar voortbestaan het, wat onlangs verenig het. Andersyds het verskille in die *Christelike Gereformeerde Kerken* so groot geword dat die kerkverband besig is om uitmekaar te val. Tegelyk word vrysinnige en soms reguit onskriftuurlike opvattinge sonder veel teenkanting in die *NeGK* (ou *Gereformeerde Kerken vrijgemaakt*, wat met die *Nederlands Gereformeerde Kerken* saamgesmelt het) toegelaat.

Dit is in hierdie vloeibare situasie dat die sinode van die *Gereformeerde Kerken*, GS Zwolle 2026, gehou is.

Mandaat van Sinode Mamelodi

Die laaste VGKSA-sinode is in September 2024 in Mamelodi gehou, net voor die gesamentlike sinode van die *DGK* en *GKN* op 5 Oktober 2024 waar die *Gereformeerde Kerken* (GK) ontstaan het. Die *DGK* (*De Gereformeerde Kerken*) en *GKN* (*Gereformeerde Kerken*

Nederland) is twee kerkverbande wat gedurende die afgelope dekades afgeskei het van die *Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt)*, as gevolg van die toenemende afwyking van Skrif en belydenis.

Sinode Mamelodi het aan hulle deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK) met betrekking tot die kerke in Nederland ‘n drieledige opdrag gegee:

- Eerstens om die sinode van die GK by te woon en hulle aanbod van ‘n volledige susterkerkverhouding te aanvaar.
- Tweedens om die verwickelinge in kerke en groepe in Nederland te monitor, kontak te hou met die ‘Kerngroep Bezinning’ (‘n groep Skriftuurlik behoudende gelowiges in Nederland) en om almal aan te moedig om eenheid te soek.
- Derdens om alle kontakte en pogings te koördineer met deputate van die CanRC en FRCA (die Kanadese en Australiese susterkerke).

Kerklike situasie in Nederland (verwys na afbeelding)
Die volgende kerke en groepe het geniet die aandag van deputate BBK:

- **Nederlandse Gereformeerde Kerken (NeGK)**
 - Die voorheen Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) is in Mei 2023 in hierdie nuwe kerkverband opgeneem.
 - Hierdie kerke is vinnig besig om al hoe meer vrysinnig te raak.
 - In 2025 het hul sinode besluit dat praktiserende homoseksuele lede toegelaat kan word aan die nagmaal en kerklike ampte kan beklee.
 - Onlangs is 'n dosent, Samuel Wells, aan die Theologiese Universiteit van die kerke in Utrecht aangestel, wat die versoenende werk van Christus ontken – versoening van ons sondes deur Christus se voldoening aan die kruis.
 - Ondanks dit alles is daar steeds gelowige en verontruste lede in hierdie kerkverband waarnatoe uitgereik kan word, om hulle aan te moedig om die kerk te verlaat en aan te sluit by 'n gereformeerde kerkverband.
- **Christelike Gereformeerde Kerken (CGK)**
 - Op die laaste sinode van die CGK het geblyk dat die verskille in die manier waarop daar met die Bybel omgegaan word, so groot geword het dat geen ooreenstemming bereik kon word nie. Die Sinode is in Junie 2025 vroegtydig beëindig sonder dat 'n roepende kerk vir 'n volgende sinode aangewys is. Dit was 'n aanduiding dat die kerkverband van die CGK nie meer funksioneer nie. Die verantwoordelikheid is teruggegee aan die plaaslike kerke.
 - Die CGK van Rijnsburg het alle kerke wat trou is aan Skrif en belydenis en wat hou by die Kerkorde en besluite van sinodes, toe bymekaargeroep. In Maart 2026 is 'n Algemene Vergadering gehou wat deur 55 kerke bygewoon is.
 - Die vrysinnige deel van die CGK is baie vyandig teenoor die Rijnsburg-groep, en noem hulle 'Kerk-skeurmakers'.
 - Daar is 'n groot middegroep in die CGK wat in beginsel saamstem met die Rijnsburg-groep, maar wat die CGK-

kerkverband in stand wil hou. Die Rijnsburg-groep is versigtig besig om hierdie kerke bymekaar te maak sonder om dinge te forseer. Vir meer inligting sien die webwerf: www.cgkblijven.nl

- **Onafhanklike GKv kerke**
 - Drie kerke het nie saamgegaan met die samesmelting van die GKv met die NGK op 1 Mei 2023 nie, naamlik: Urk, Capelle (aan den IJssel-Noord) en Vroomshoop.
 - Die kerk van Vroomshoop het by die CGK aangesluit, en hul predikant, ds Perry Storm, is as predikant in die CGK toegelaat.
 - Die kerke van Urk en Capelle het as onafhanklike kerke bly voortbestaan, en het verklaar dat hulle streef na Gereformeerde eenheid.
- **Hersteld Hervormde Kerk**
 - Hierdie kerke het ontstaan toe 'n deel van die 'Gereformeerde Bond' binne die Nederlands Hervormde Kerk (NHK) nie saamgegaan het toe die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) in 2004 gevorm is nie.

Vergadering in Urk

In die uitvoering van hulle laaste twee opdragte het die VGKSA deputate BBK 'n versoek aan die 'Kerngroep Bezinning' gerig om 'n vergadering te reël tussen verteenwoordigers van die kerke van Urk en Capelle, die Rijnsburg-groep van die CGK, en die Kerngroep self, saam met die afgevaardigdes van die VGKSA, die CanRC en die FRCA.

Dié vergadering het plaasgevind op 3 Junie, twee dae voor die sinode van die GK. Al die kerke en groepe was aanwesig, terwyl die Rijnsburg-groep verteenwoordig was deur ds Perry Storm van die CGK van Vroomshoop.

Dit was vir die buitelandse afgevaardigdes 'n wonderlike ervaring en 'n groot bemoediging om te sien dat die kerke en groepe geen aanmoediging nodig gehad het om eenheid met mekaar te soek nie. Dit het hulle lankal gedoen, en wyer gesoek as wat ons verwag het. Almal was oortuig van alle partye se opregte begeerte om eenheid in waarheid te soek. Daar is ook opgemerk dat die GK 'n meer oop houding het, en nie meer die uitsluitlike benadering van 'kom sluit maar by ons aan' nie.

Dit het geblyk dat die Deputate Kerklike Eenheid (DKE) van die GK reeds verskeie samesprekings met Urk en Capelle gevoer het, én met die CGK en die HHK. Die volgende verklaring is deur DKE van die GK saam met die kerke van Urk en Capelle opgestel om dit aan die komende sinode van die GK voor te stel:

Ons verklaar om as kerke wat bymekaar behoort:

- Saam die pad te wil stap in die strewe na die eenheid van gereformeerde kerke op basis van Skrif en belydenis, en daarom:
 - Saam die gesprek te voer met die Christelike Gereformeerde Kerken (en die Hersteld Hervormde Kerk)
 - As predikante kontak met mekaar te hou
 - Mekaar waar moontlik te betrek by die kerkvisitasie
- En so gou as wat die kerklike situasie dit toelaat, die kansels vir mekaar oop te stel.

Dit was 'n baie bemoedigende vergadering, maar hoe sou dit op die sinode gaan?

Persepsies en verwagtings

'n Mens het dikwels gehoor van allerlei persepsies oor die DGK en GKN wat in Oktober 2024 verenig het. Persepsies soos: 'dit is mense wat altyd beter weet', hulle is onderling strygerig, wil vashou aan soos dit altyd was, is bang vir enige verandering, en nie geneig om oor kerkgrense heen te kyk nie. Gedeeltelik het hierdie persepsies ontstaan as gevolg van onenigheid uit die verlede, maar ook as gevolg van die swak beeld wat in sommige kerklike blaai geskets is.

Uit die acta van die gesamentlike deel van die eerste sinode van die Gereformeerde Kerken het 'n mens inderdaad die indruk gekry dat daar baie uiteenlopende menings oor talle sake was, wat moeilik sou wees om met mekaar te versoen.

Boonop was die twee kerkverbande wat verenig het, kerke met verskillende kerklike praktyke.

Daarom was die verwagting dat hierdie sinode na binne gerig sou wees om allerlei interne sake af te handel, sonder dat daar veel aandag vir die kerklike situasie in Nederland en die buiteland sou wees.

GS Zwolle 2026

Omdat die sinodesittings op Vrydae en Saterdag gehou is, wat oor 'n periode van byna twee maande gestrek het, was dit vir die afgevaardigdes nie moontlik om alle vergaderings by te woon nie. Die buitelandse afgevaardigdes was spesifiek genooi vir 'n vergadering op 4 Junie oor teologiese opleiding en kontakte met buitelandse kerke, asook die sinodesittings op 5 en 6 Junie, waar die BBK (Betrekkings met Buitelandse Kerke) en DKE (Deputate Kerklike Eenheid) se verslae bespreek is.

• Teologiese Opleiding

Die teologiese opleiding van die kerke is met groot entoesiasme en toewyding van eie predikante begin. Weens die krimpende getal studente en die bedanking van die hooflektor het die opleiding tans in 'n krisis beland.

Daar is ook kommer oor die gereformeerde kwaliteit van die Teologiese Universiteit van Apeldoorn (TUA) waar die studente die grootste deel van hul opleiding ontvang.

Die buitelandse afgevaardigdes het vertel hoe aan teologiese opleiding in hulle kerke vorm gegee word. Dr Jason van Vliet van die Canadian Reformed Theological Seminary (CRTS) het 'n voorlegging oor die teologiese opleiding in Hamilton gegee.

• Sending en evangelisasie

Alhoewel die buitelandse afgevaardigdes nie hierdie sitting kon bywoon nie, blyk uit die verslag van hul deputate dat:

- Daar 'n volgehoue poging is om uit te reik na gelowiges in ander kerke
- Daar 'n begeerte is om die evangelie uit te dra in die gesekulariseerde samelewing in Nederland
- Die sendingwerk in Europa ondersteun word deur middel van teologiese opleiding van sendelinge en evangeliste aan die Gereformeerde Teologiese Seminarie (RTS) in Heidelberg, Duitsland.

• Betrekkinge met Buitelandse Kerke

Op Vrydag 5 Junie het afgevaardigdes van vyf kerkgenootskappe die sinode toegesprek:

- Rev R Schuster van die Selbständige Evangelisch-Reformierte Kirche (SERK) in Duitsland;
- Dr C Janssen van die Canadian Reformed Churches (CanRC);
- Br F Raimond van die VGKSA;
- Br J Bruning van die Free Reformed Churches of Australia (FRCA); en
- Dr H Zwemstra van die GKSA.

Die afgevaardigdes het inligting oor hul kerke en kerklike lewe gedeel. Alhoewel die situasies verskil, is daar wedersydse herkenning. Na die toesprake was daar geleentheid om vrae te stel en daarop te reageer.

Daar was dankbaarheid dat die VGKSA die susterkerkverhouding wat die GK aangebied het, heelhartig aanvaar het. Die CanRC het al vroeër die susterkerkverhouding met die GK op hul sinode van Aldergrove 2025 aanvaar. Die FRCA hoop om 'n besluit hieroor te neem op hul sinode in 2027.

Dankbaarheid is uitgespreek oor die goeie besluite van die GKSA op hul sinode in Januarie 2026. Nadat die sinode die afgevaardigdes van die VGKSA en die GKSA gehoor het, is besluit om 'n korrespondensie-verhouding met die GKSA aan te gaan as 'n eerste stap na 'n volledige susterkerkverhouding.

• Deputate Kerklike Eenheid (DKE)

By die bespreking van die verslag was verteenwoordigers van die GKv van Urk en Capelle uitgenooi as waarnemers.

Uit die verslag van DKE blyk dat samesprekings met die Christelike Gereformeerde Kerken (CGK) en die Hersteld Hervormde Kerk (HHK) al hoe meer saam met die kerke van Urk en Capelle gevoer is.

Op grond van die verslag van DKE besluit die sinode om die kerke van Urk en Capelle as kerke van Christus te erken.


Die sinode besluit dat, in die groei na mekaar toe in een kerkverband, kanselruil met die predikante van hierdie twee gemeentes moontlik is.

In die groei na eenheid sal die kontakte met die CGK en HHK onderhou word, en deputate sal bly.

Verblydend

Dit was vir ons verblydend om te sien hoe die Gereformeerde Kerken baie ernstig en opreg soek na eenheid met almal waarmee hulle een in waarheid is, in Nederland en die buiteland.

Mag die Here Skrifgetroue gelowiges uit verskeie kerkverbande versamel en in Nederland byeenbring in een Gereformeerde kerkverband wat slegs op Skrif en belydenis gefundeerd is. 



Vluchtelingen en Immigrante

Hans Moes, lidmaat van die
Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

Teen die einde van Junie was Suid-Afrika in 'n taamlke beroering oor die terugstuur van onwettige immigrante uit die land uit. Tienduise buitelanders in SA het onveilig begin voel en is selfs deur Suid-Afrikaners gedreig en beroof. Die beeld van Suid-Afrika, as 'n vriendelike Afrika-land vanaf die tyd van Mandela en die Pan-Afrikanisme van Mbeki, het aansienlike skade gely. Is dit reg om buitelandse (dikwels ekonomiese) vluchtlinge wat onwettige in ons land bly, somer uit te jaag, terug na hul tuisland? Hoe het hierdie probleem ontstaan en wie se taak is dit om onwettige invloed aan te pak? En wat mag burgers doen as die owerheid in gebreke bly? Moet ons onderskeid maak tussen vluchtlinge en onwettige immigrante? Bestaan daar iets soos christelike gasvryheid wat in 'n land toegepas kan word? Hierdie probleem en vroe rondom die saak speel ook op die oomblik in Europa en die VSA. Dit sal goed wees om in meer detail daarna te kyk, veral vanuit 'n christelike en historiese perspektief.

Wie is die "eienaars" van 'n land

Oorsake van Vluchtlinge en Immigrante

Vanaf sy demokratiese begin het Suid-Afrika mense uit ander Afrika-lande begin trek. Dit is deurgaans veroorsaak deur swak ekonomiese omstandighede en politieke onderdrukking in ander lande in Afrika, soos Zimbabwe. Mense wat nie met die diktator van daardie land se mening ingestem het nie, het vir veiligheidsredes 'n ander heenkome gesoek. So het daar tydens die bewind van president Mugabe ongeveer twee miljoen Zimbabweërs na Suid-Afrika getrek. Volgens amptelike skattings is daar tans 3.1 miljoen buitelanders in Suid-Afrika, maar in werklikheid is dit waarskynlik 'n veelvoud hiervan. Behalwe politieke vluchtlinge, het 'n groot aantal ekonomiese vluchtlinge na ons land gekom, wat hier 'n beter bestaan wou opbou. Post-Apartheid Suid-Afrika het blykbaar gelyk na 'n soort van heilstaar vir Afrika-mense. Die meeste hiervan het nie die amptelike immigrasie-pad gevolg nie - en is dus onwettig in die land.

Eenheid in waarheid: die GKSA en die VGKSA

'n Repliek (I)

Dr. Erik van Alten, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

In drie uitgawes van *Kompas* (Maart/April, Mei, Junie 2026) reageer br. Gerard Hagg op my artikel in die Februarie-uitgawe oor die Sinode van die GKSA. Hy praat van "'n bemoedigende opsomming van die besluite van die GKSA Sinode 2026." Maar dit is nie daardie deel van my artikel waaraan hy in drie agtereenvolgende uitgawes 'n reaksie wy nie. Nee, sy fokus is op die eerste deel van my artikel, waarin "ek [HHvA] 'n versigtige bekommernis uitspreek oor die gesindheid wat ek soms onder ons (die VGKSA) optel teenoor die GKSA." Ek is dankbaar dat hy die moeite gedoen het om te reageer. Dit gee geleentheid vir gesprek oor 'n saak wat ons almal aangaan – of behoort aan te gaan. Ons verhouding tot en ons houding¹ teenoor diegene wat saam met ons die Here wil dien, behoort vir ons van die grootste belang te wees. Miskien moet ek dan ook by hierdie punt begin, want dit bring ons by die hart van my oorspronklike artikel...

Ons verhouding en ons houding

My *verhouding* tot 'n persoon bepaal tot 'n groot mate my *houding* (gesindheid) teenoor daardie persoon. Wanneer my verhouding tot iemand een van vriendskap is, sal my houding teenoor daardie persoon een van toegeneentheid, liefde en sorgsaamheid wees – ek gee om, ek stel belang, ek sien die goeie in én ek soek die goeie vir daardie persoon. En net so sal 'n *verhouding* van vyandskap met iemand tot 'n groot mate my *houding* teenoor daardie persoon bepaal.

Dus, wat is ons verhouding tot die GKSA?

Die laaste sinode van die VGKSA (2024) het 'n "Memorandum van Ekumeniese Verhouding" (let op:

¹ Waar ek die woord 'houding' gebruik, moet u lees: gesindheid.

verhouding!) met die GKSA goedgekeur.² Hierin spreek die kerke onder andere uit: "Waar beide die VGKSA en die GKSA deur die genadige werking van die Heilige Gees dieselfde dierbare geloof verkry het, en dit saam wil bely en handhaaf, erken die VGKSA en die GKSA mekaar as kerke van Christus." **Dit is ons verhouding: ons erken mekaar as kerke van Christus!** En hierdie *verhouding* het geweldige implikasies vir ons *houding*.

As jy my vriend is, kan my houding nie een wees van voortdurende wantroue nie; dan kan my verstekhouding nie een wees waarin ek die hele tyd jou motiewe en intensies bevraagteken nie; dan kan ons verhouding nie gebou wees op onophoudelike kritiek en afstandelikheid nie. Dieselfde geld vir ons houding teenoor die GKSA: as die lidmate van die GKSA ons broeders en susters in die Here is (dis ons *verhouding* – soos deur die sinode uitgespreek), dan kan ons *houding*, ons gesindheid nie een wees van voortdurende wantroue en afstandelikheid nie.

Sê ek daarmee "dat daar nou geen kritiese vrae by VGK-lidmate mag bestaan ten opsigte van voortgang van eenwording tussen die VGKSA en GKSA nie", soos br. Hagg aan die begin van sy eerste artikel skryf? Nêrens in my artikel beweer (of impliseer) ek dit nie. Om die waarheid te sê, ware vriende is bereid om, wanneer nodig, kritiek te gee – om sodoende mekaar op te bou. En dit geld in die kerk net so – om mekaar in die allerheiligste geloof op te bou, moet ons bereid wees om die waarheid aan mekaar voor te hou én moet ons bereid wees dat die waarheid aan ons voorgehou

² Hierdie memorandum is deur die Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke in elke gemeente van die VGKSA bekendgestel en toegelig, en u kan dit op die VGKSA se webtuiste vind. Ek plaas 'n skermkoot van die inleidende paragraaf hierby.



MEMORANDUM VAN EKUMENIESE VERHOUDING



1 OMSKRYWING VAN VERHOUDING

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het 'n gesamentlike Reformatoriese erfenis wat veral na vore kom in 'n gemeenskaplike geloof in ons Drie-Enige Here wat Hom in sy Woord openbaar. Hierdie gesamentlike geloof kom tot uitdrukking in ons gemeenskaplike belydenisgrondslag wat in alles met die Woord van God ooreenkom:

- 1.1 Die drie ekumeniese geloofsbelydenisse, naamlik die Apostolicum, Nicea en Athanasius, waarin ons ons aan die een, heilige, algemene en apostoliese kerk verbind, en
- 1.2 Die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls, waarin ons ons met die gereformeerde tradisie verbind.

Beide die VGKSA en die GKSA handhaaf in die kerkregering die beginsels van die Dordtse kerkorde, soos aanvaar in 1618/19.

Waar beide die VGKSA en die GKSA deur die genadige werking van die Heilige Gees dieselfde dierbare geloof verkry het, en dit saam wil bely en handhaaf, erken die VGKSA en die GKSA mekaar as kerke van Christus.

word (en dit kan pynlik wees na weerskante). Máár die gesindheid waarmee dit gedoen word, is deurslaggewend – om in liefde die waarheid te betrag (Ef. 4:15).

As ons *verhouding* tot die GKSA een is van “gemeenskap van die Gees” (Fil. 2:1) – en, terloops, die kerke het saam uitgespreek dat dit inderdaad die geval is – dan tuimel die verse as’t ware uit ons Bybels om vir ons te wys wat ons *houding* in so ‘n geval behoort te wees: ons moet eensgesind wees, dieselfde liefde hê, een van sin wees, in nederigheid die ander hoër ag as onself (Fil. 2:2-3); ons moet mekaar verdra en mekaar vergewe as die een teen die ander ‘n klag het, net soos Christus met ons gedoen het (Kol. 3:13); ons moet mekaar bemoedig en mekaar opbou (1 Thess. 5:11); ons moet eensgesind wees, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik (1 Pet. 3:8).

En dis waaroor dit in my oorspronklike artikel gegaan het.

Ek het nooit beweer (of geïmpliseer) dat ons nie vrae mag vra of kritiek mag uitspreek nie. Doen dit as dit nodig is, asseblief (op grond van die Skrif). Maar met watter *gesindheid* doen ons dit? En wat is ons *gesindheid*

wanneer dit aan ons gedoen word – wanneer die GKSA teregte vrae of kritiek aan ons rig? Dit is die kruks van my bekommernis – of, in my eie woorde uit die oorspronklike artikel, “wil ons wêrklik?” Is eenheid met die GKSA ons hartsbegeerte (omdat ons hulle as kerke van Jesus Christus erken het), of sê ons dit net met die mond... terwyl ons intussen baie gelukkig is om in ons VGK-gemaksone te bly sit?

Ons *verpligting* en ons *houding*

Ons *houding* word egter deur meer bepaal as slegs die vraag: wil ons wêrklik? Daar lê meer agter ons *gesindheid* as slegs ons wil...

Die kerke het by die laaste sinode, deur middel van die memorandum, uitgespreek dat die GKSA kerk van Jesus Christus is. Uiteraard kan jy van hierdie uitspraak verskil – en dan is daar ‘n kerklike weg om dit opnuut bespreekbaar te stel. Maar kom ons gaan uit van die *status quo* van hierdie uitspraak: die VGKSA en die GKSA erken mekaar as kerke van Christus. Die oomblik wanneer ons dit sê, word ons gekonfronteer met ons eie belydenis – artikel 28 van die NGB: “... dat niemand, wat

sy stand en status ook al is, hom in selftevreidenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar..." Dit gaan dus nie slegs oor wat jy en ek *wil* nie, dit gaan ook oor wat ons *verplig* is om te doen. Dit gaan oor die opdrag van die Here om aan die eenheid – waarvoor Christus duur betaal het met sy bloed – hande en voete te gee.

En hoe ons dit presies hande en voete moet gee, en watter proses ons daarin moet volg, en hoe lank die proses kan/mag duur – ek is self nie seker nie. Terloops, br. Hagg maak daarvoor 'n baie sinvolle voorstel wanneer hy skryf: "Sal byvoorbeeld 'n susterkerkverhouding tussen die GKSA en die VGKSA nie in die eerste plek 'n beter opsie ... wees nie?" Dit is beslis die oorweging werd. Maar die verpligting bly. En as ons die verpligting van ons belydenis opnuut besef, dan sal dit ook ons houding beïnvloed. Dan kan ons nie 'n houding hê van terugstaan en afwag, en vanaf die pawiljoen gadeslaan nie (artikel 28 noem hierdie houding 'selftevreidenheid' en 'afsydigheid', en Spr. 18:1 verwoord dit soos volg: "Hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte"). Nee, dan is ons saam met ons broeders en susters in die GKSA in die gemeenskaplike stryd, op die baan om die gemeenskaplike wedloop te hardloop – ook al is ons nie heeltemal seker hoe die volle kerklike eenheid hande en voete moet kry nie.

Ja maar (vra sommiges), moet ons dan by hulle aansluit? Of gaan hulle by ons aansluit? En wat gaan die naam van die kerk wees? Ek verstaan die vrae. Word

ons 'doppers'? Of word hulle 'vrygemaaktes'? En tog is dit nie die taal van ons belydenis nie. Artikel 28 praat eenvoudig van 'verenig'. Ons moet met mekaar verenig – hoekom? "Om die eenheid van die kerk te bewaar." Ons word nie geroep om die eenheid te bewerk nie – dit het Christus reeds gedoen – maar om die eenheid wat ons herken, te bewaar en vorm te gee. Ons belydenis praat daarom nie van "ons sluit by hulle aan", of "hulle moet by ons aansluit" nie; ons belydenis bekommer hom nie oor kerkname nie (GKSA of VGKSA). Ons belydenis plaas ons eenvoudig voor die verpligting om "te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal – as lede van een en dieselfde liggaam – aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien."

My oorspronklike artikel het gegaan oor die *gesindheid*, die *houding*. Daarmee het ek nie al die antwoorde op die vrae wat daar nog mag wees nie. Maar as die houding reg is – ons gesindheid, wat gegrond is op ons verhouding en gedryf word deur ons konfessionele verpligting – dan het ons al 'n baie goeie begin gemaak.

In die volgende deel van my repliek hoop ek om meer inhoudelik in te gaan op sommige van br. Hagg se argumente. 

